BEPROEF ALLE DINGE!

DIE Naam van die Verlosser



Persoonlike name word getranslitereer en nie vertaal nie. Die woord “water” in Afrikaans word na “*aqua*” in Italiaans vertaal. Daar is hoegenaamd geen verbintenis tussen hierdie twee woorde nie; hulle is totaal verskillend in albei tale. Maar persoonlike name, soos *George Bush,* word nie vertaal nie maar word in enige gegewe taal getranslitereer. Dit beteken dat die naam dieselfde bly, dit mag dalk net in 'n ander taal foneties effens anders uitgespreek word. Luister na 'n uitsending in Spaans en jy sal net Spaanse woorde hoor en dan skielik 'n naam soos *George Bush*. Name bly dus dieselfde, maak nie saak in watse taal dit gebruik word nie.

Die volgende vraag wat jy dalk mag vra is waarom ons Hebreeuse Verlosser se Naam in die meeste Bybels van Sy oorspronklike Hebreeuse Naam “**Yahshua**” na die Griekse vorm “Jesus” verander is? Die woord Jesus is ten beste 'n swak transliterasie van Yahshua en ten slegste is dit vanaf 'n antieke Griekse god van genesing, wat IE – Zeus genoem is, getranslitereer. In die Grieks is daar nie ‘n letter “J” nie en die “J” het 'n “ie”-klank.

Die antwoord op die bogenoemde vraag is dat dit nie van Hebreeus na Grieks verander moes word nie. Nie net gaan dit alleenlik streng teen die derde gebod om Yahweh se Naam ydellik te gebruik in nie, maar dit breek ook elke grammatiese reël. Om iets ydellik te gebruik beteken om dit te verander, dit te vervals of om dit algemeen te maak en deur die naam Yahshua na die naam Iesous te verander gaan verseker teen die gebod in. Kom ons neem vir 'n oomblik die argument wat party mense maak dat die naam Iesous 'n korrekte transliterasie van die naam Yahshua is. Daar is geen reël in die grammatika van enige taal om 'n naam vanuit een taal na ‘n ander taal te translitereer voordat jy dit dan in jou eie taal translitereer nie. **GEEN**! Waarom sal ons dit dan doen? Waarom sal ons die Naam Yahshua translitereer na Grieks en dan na Afrikaans? Indien ons wel die Afrikaanse transliterasie van Yahshua wil gebruik, sal dit dan Josua in Afrikaans wees. Josua en Yahshua klink foneties baie eenders.

In Hebreeus kan elke woord ook na 'n 2 of 3 letter stamwoord teruggevoer word en het dit 'n sekere betekenis. Yah-Shua beteken Yahweh is Verlossing, of die Verlossing van Yahweh. Jesus of Iesous in Grieks het geen stam of betekenis nie.

Dit word ook in die boek van Johannes verklaar dat Yahshua in Sy Vader se Naam gekom het (Joh.5:43). In die Skrif word die Vader se Naam in Eksodus 3:15 as YHWH geopenbaar en word dit as Yahweh uitgespreek. Die naam Yah-Shua kom direk vanaf die naam Yahweh.

Nog 'n ander skrifgedeelte wat duidelik wys dat die naam van ons Verlosser Hebreeus was en nie Grieks nie, word in die boek van Handelinge gevind waar Paulus vertel van die eerste keer toe Yahshua aan hom verskyn het. Let noukeurig op na wat Yahshua aan Paulus gesê het.

Handelinge 26:14 *“En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my praat en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.”* Handelinge 26:15 *“Toe sê ek: Wie is U, Meester? En Hy sê: Ek is Yahshua wat jy vervolg.”* Yahshua het baie duidelik met Saul in Hebreeus gepraat en Hy sou Sy Hebreeuse Naam gebruik het, en nie Grieks nie; onthou, daar is geen letter “J” in Hebreeus of Grieks nie.

Dit is duidelik, volgens die Skrif, dat ons Verlosser vanuit Hebreeuse herkoms was, die Seun van Dawid in die vlees, sowel as die Seun van Yahweh. Waarom sal ons dan na ons Hebreeuse Verlosser, wat gekom het om Israel van hulle sondes, wat onder die eerste gebreekte verbond gepleeg, is te verlos, verwys op 'n Griekse naam? Miskien kon jy in die verlede aanspraak gemaak het op onkunde, maar nou weet jy wat die waarheid is en hoef jy nie langer in onkunde te leef nie. Laat ons dan die eer gee aan die een Naam onder die hemele en op aarde waardeur alle mense gered kan word,

YAHSHUA HA’ MASHIACH!

Handelinge 4:12 *“En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.”*

Psalm 34:3 *“Maak Yahweh saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef!”*

Dit is duidelik dat daar alleenlik een Naam gegee is vir Verlossing. Hoe kan jy iets verhoog wat jy nie eers erken nie? Gee die voortreflikheid aan die Naam van ons Vader Yahweh en Sy Seun Yahshua!

Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting en studies by www.coyhwh.com